

# 1

## Louw

### 21 jaar gelede

Louw Roodt se ma word 'n dag voor haar laaste matriekvraestel in die straat voor hul huis gehijack. Waar Louw by die opwasbak voor die venster staan, sien sy hoe 'n man onverwags met 'n vuurwapen in sy hand agter 'n kar uitspring, die deur ooppluk en haar ma eenkant toe stamp, voordat hy met skreeuende bande en 'n tierende enjin wegjaag.

Mét haar ma op die passasiersitplek.

Sy was besig om koffie te maak en op die uitkyk vir haar ma, Isobel, wat laatmiddag winkels toe is vir vis, groente en aartappels. En dalk iets soets, het sy nog bygevoeg. “Sodat my kind slim, slimmer, slimste kan wees vir haar laaste eksamen,” en in 'n rookwolk weggetrek in die ou, effens ge-roeste Conquest waarmee sy al ry vandat Louw kan onthou.

Sy is gewoon aan groentesop vir aandete, met elke nou en dan 'n stukkie bederf-skaapnek daarin. Of rys en boontjies. En as sy gelukkig is, gepielde vis van vars stokvis, 'n treat, soos Isobel vir dié aand belowe het.

Met die koffiebeker in haar hand, is haar kop gou terug by haar eksamen. Boekhouding is haar laaste vak en as beste leerder in haar klas is dié vraestel eintlik nie 'n issue nie. Sy wou eerder saam met Isobel Checkers toe gery het as om nog 'n keer 'n simpel balansstaat te probeer opstel.

Sy kyk in die straat af. Dis regte warm somerweer. 'n Mooi dag. Oorkant in die bure se tuin blom die bougainvillea dieprooi, hul Kaapse kanferfoelie hier onder naby die garage maak 'n oranje kombars teen die heining en 'n jakaranda hoër op in die straat dra swaar aan sy pers blomme.

As sy ook maar kon beach toe gaan soos haar pelle wanneer hulle moet swot. Maar dis nou eenmaal nie haar scene nie.

Boyfriends en bikini's. En 'n te groot sin vir verantwoordelikheid.

Sy wou net die water by die kitskoffie, soet met twee suikers, gooi toe sy eers hoor en daarna sien hoe haar ma se wit Conquest, Hestia, om die hoek gedreun kom.

“Daai kar van Ma moet nou scrap metal word,” praat sy in haar gedagtes met Isobel.

Sy kyk hoe sy sukkel om die ou rammelkas sonder ’n kragstuur op sy gewone plek voor die garage te parkeer – haar gedagtes vir ’n oomblik by haar ma se ouderdom. Haar ligte rooibruin hare word stadigaan grys. Soms sit haar ma saans ingedagte aan die etenstafel en pluk aan ’n silwer haar of drie wat droog en stroomop wegkrul van die res.

Hestia het inderdaad beter dae geken. Hoe gaan hulle ooit ’n nuwe ryding kan bekostig?

Toe gebeur dit.

’n Skraal man met wilde donkerbruin hare spring agter die ry motors oorkant die straat uit en hardloop tot langs haar ma en Hestia.

’n Vuurwapen in sy hand.

Louw sien als deur die venster. Verstar van skok.

Sy sien die man ruk die bestuurkant se deur oop voordat sy “Ma!” kan gil. Hy spring in die kar en ry teen topspoed agteruit, die enjin beurend in die stilte. Isobel slaan met haar hand teen die voorruit, mond wyd oopgesper soos sy gil.

Louw leun vooroor om die kombuisvenster se raam te probeer opstamp en te skreeu: “Ma! Ma!”

Maar dis te laat.

Die rower met die vuil hare swenk wild op twee wiele en met ’n helse lawaai op in Bondstraat om die hoek, af in Hastings en verdwyn in Tamboerskloof se strate.

Haar volgende gil vorder net tot in haar keel, haar hande steeds vasgeklem om die houtraamvenster se koperhaak. “Help! Help my!” Maar niks wil uitkom nie. Soos wanneer sy ’n nagmerrie kry en die woorde in haar mangels versmoor.

Sy’s so verdwaas, haar aandag vries op die toneel voor haar waar die son agter Vlaeberg ’n rooi gloed oor die wolke gooi. Kleure wat vinnig gaan verander tot liggrys en dan pienk, voordat hulle finaal donkerder, blouer, charcoal word. Aand en dan nag.

Toe gaan sy oor tot aksie.

Sy hardloop.

Af met die gang, met die trappe, deur die tuin en uit in die straat.

“Help! My ma!”

’n Paar mense buite die ry Victoriaanse huisies oorkant kyk op. Sekerlik

onseker oor wat aangaan. Wat het nou net in hul stil buurt gebeur en hoe is dit dan dat Isobel Roodt se opgeskote dogter vroegeand so staan en gil?

Louw waai haar arms op en af. Steeds doen die stomme bure niks nie. Behalwe een vrou wat nader staan en vra of sy kan help. Maar Louw het reeds teruggedraai. Deur die tuin en op met die trappe.

In die gang gryp sy die koordlose telefoon.

Sukkel om die polisie se 10111 te onthou.

“Ek dink m-my ma is gehijack,” stamel sy. “Hier voor ons huis in die straat. Bond. Ja, Tamboerskloof. Op die hoek van Warren. Asseblief! Help my! Kom! Julle moet haar vind.”

Die man aan die ander kant vra haar naam.

“Die blitspatrolie! Stuur hulle. Nou!”

Haar stem klink veraf asof sy na ’n opname daarvan luister. Verskrik. Vreemd. Totaal histories.

Iemand vir die groot oomblikke, sê haar ma altyd. Toe nou nie dié keer nie.

Trots is Isobel op haar. “Big match temperament en fiercely independent daarby. My baba. Dit gaan óf vir jou, óf teen jou tel, maar myns insiens gaan jy dit nog ver bring.”

Dan lag hulle saam vir Louw se antwoord: “Jy’s natuurlik glad nie bevooroordeel nie. En ek’s nie jou dogter nie.”

Sy herhaal die adres toe die polisieman weer ’n keer vra en gaan sit en wag in die sitkamer waarvandaan sy oor die tuin, die hoë muur, die tooringbome kan uitkyk en wat sy van die oorkantse huiskakke kan sien. Te geskok om te weet wat om anders te doen.

Ná ’n ruk kom sy effens tot verhaal en spring op om die telefoon weer te gaan haal. Eers bel sy haar oudste broer wat hier naby in Oranjezicht in ’n tuinwoning bly. Staans-staans met die foon in die hand.

“Jy en jou stories darem,” lag hy. “Dis nou tyd om groot te word, Louw, jy’s amper klaar met skool. Jy sal jou verbeelding in toom moet hou. Daar’s mos nie eintlik hijacks in die Kaap nie. Veral nie in die City Bowl nie. Nee, man, dit moet iemand wees wat sy ken. Die bure se seun. ’n Kollega. Of sy’t iets by die winkels vergeet en gou teruggery. Ek sê jou dís wat dit is.”

“Maar hóór jy nie wat ek sê nie, Gerhard? Die man het ’n gun in sy hand gehad. Ek sweer. En Ma het gegil en teen die venster gehamer!”

Die suster wat in Bellville woon, is net ’n raps meer besorg: “Nee, nou’t

ek als gehoor. Is jy seker hiervan? Jy sê die polisie is darem op pad? Wag, ek bel weer 'n bietjie later. Pas jou op.”

Die ander broer in Londen en die suster in Johannesburg, die amperweeling wat tien maande uitmekaar is, is prakties. Albei gaan deur 'n checklist. Dieselfde checklist:

*Is jy seker dis 'n regte vuurwapen?*

*Stadig nou.*

*Beskryf alles.*

*In detail, asseblief.*

*Wanneer het dit gebeur?*

*Het jy die polisie gebel?*

Asof alle naby sibbe in die wêreld byna dieselfde woorde in byna dieselfde omstandighede sal gebruik.

Maar almal van hulle klink so ... afwesig. En skepties.

Soos iemand wat 'n droom – nee, erger, 'n nagmerrie – beleef, gaan val Louw op die bank in die sitkamer neer. Uitgefreak en geskok. Sy sluk en haal diep asem teen die angs wat haar wil oorval. Dan spring sy op, tel 'n kussing van die enigste stoel op om dit reg te skud. Met die kussing in haar hand kom die vrae. Wat gaan van haar ma word? Wat gaan van háár word? Wáár bly die polisie?

Sê nou die man verkrag haar ma? Of maak haar dood?

Nee. Sy kan nie so ver dink nie. Wil nie so ver dink nie.

Druk haar kop in die sagte materiaal. Haar skouers ruk.

Volgende jaar moet sy UCT toe om bemarking en ekonomie te gaan swot. Nie net het sy 'n universiteitsbeurs losgeslaan nie, sy't ook 'n lening van 'n advertensieagentskap gekry. En 'n gewaarborgde pos nadat sy graad gevang het.

Nog net môre se laaste vraestel, dan's sy klaar met skool.

Maar dis ook nou nie asof sy haar, soos haar maats, reggemaak het vir 'n wilde postmatriek-paartie op Plett of Hermanus nie. Dwelms, seks en rock 'n roll. Seuns wat die meisies beloer. Die alewige gegiggel oor wie volgende sal gaan dans. Die klere, die grimering, die kleurstukke in die hare, die naels.

Nee, Louw spaar eerder haar geld vir 'n nuwe outfit vir haar eerste skof by Café Caprice in Kampsbaai waar die tips glo regtig goed is.

\* \* \*

Wáár bly die polisie tog? Sy spring op om hulle weer te gaan bel.

“Ons is op pad,” sê die man. Effens geïrriteerd met haar. “Maar is jy seker dis ’n kaping?”

Sy’s so geskok, sy kan nie verder praat nie. Haar ma is gehijack en hy wil haar nie glo nie. Besef hy dan nie waardeur sy gaan nie? Sy begin weer snik.

Wie is die man met die vuil krulhare? Waarvandaan het hy gekom? Hy’t vaagweg bekend gelyk, maar hoe kan dit wees? Sou haar ma hom geken het, soos Gerhard gesê het?

En gaan Isobel dalk enige oomblik weer terugkom huis toe?

Vir haar voel dit hier waar sy in die donker sitkamer sit asof alles aan die verander is. Nooit sal sy weer met gemak in ’n straat kan stap nie. Nooit sal sy ’n man wat buite die huis rondhang, kan vertrou nie.

Sy skud haar kop. No ways was dit ’n bleddie onskuldige voorval. En haar ma is nie op pad terug nie.

Toe piep die tuinhek en lui die voordeurklokkie ’n paar oomblikke later, gevolg deur ’n ongeduldige gehamer teen die deur.

Seker die polisie.

Maar sy gaan loer darem eers deur die sitkamer gordyne. Haar ma is ontvoer, gehijack, wat ook al. Ja, voor die deur staan twee polisiemanne.

En buite is g’n teken van Isobel nie.